UILHOEKIE: Resepte

Weet jy nie wat om te maak of iets besonders te gee vir spesiale mens(e), hier's dalk vir jou 'n oplossing....dis Feesstyd, almal wil ontspan, maar soek altyd iets lekker om te eet, en wat gou gemaak kan word...

KOPPIE KOEKIE: (Kan dien as geskenk ook)

Bestanddele:
30ml (2e) Bruismeel
30ml (2e) Suiker
15ml (1e) Kakao *(Poeierkoffie)
1 eier
15ml (1e) Melk
15ml (1e) Sonneblomolie
2ml (½ tl) Vanieljegeursel *(Karemelgeursel)
1 BEKER met inhoudsmaat van 300ml
Versiersuiker om bo-oor te sprinkel.
SORG DAT DIT GENOEG AFGEKOEL HET VOOR JY DIT EET

Metode:
Gooi die meel in die beker, voeg die suiker en kakao by en meng goed.
Breek die eier daarby in en klits goed. Voeg die melk en olie by, en dan die vanieljegeursel. Klits weer.
Sit die beker vir 2 minute op hoog in die mikrogolfoond. Die koek sal baie hoog uitrys, maar weer afsak wanneer dit klaar gebak is. Moenie paniekerig raak nie!
Laat dit 'n minuut lank staan. Eet die koek dan uit die beker of keer dit op 'n opdienbord uit en sprinkel versiersuiker oor. Dit is ook lekker saam met 'n skeppie vanieljeroomys.

*Ander geure, indien verkies of jou eie bv. Lemoen...nes jy dit verkies.
*Die beker dien as geskenk, kan persoon se naam op sit, of met Kersfees, almal so bederf met persoonlike beker nagereg...min of geen skottelgoed!!

VINNIGE SMELT IN DIE MOND KLEIN KOEKIE:
Lewer 24 – 30 koekies (afhangende grootte wat jy uitdruk).
Voorbereiding: 20 minute.
Baktyd: 8 – 10 minute per plaat.

Bestanddele:
250g skilferkorsdeeg, ontdooi
Witsuiker
(Fyn gemmer / Fyn kaneel)

Metode:
Voorverhit die oond tot 220C. Smeer 'n paar bakplate.
Verdeel die deeg in twee. Besprinkel die oppervlak mildelik met suiker. (Indien u van variasies hou, sprinkel fyn gemmer / kaneel, op die een deel en ander deel net suiker).
Sprinkel nog suiker oor. Druk in vormpies waarvan jy hou, hartjies, sterretjies of gebruik net 'n klein wynglasie. Bak 8 – 10 minute of tot dit ligbruin van kleur is. Laat afkoel en bêre in 'n lugdigte houer.

LEKKER EET!!

GRAPPIES/JOKES:

Tant Miem besoek die dokter vir 'n algehele ondersoek.
Die uitslae:
Dokter: Tant Miem, vir jou ouderdom is jou gesondheid uiterlik nog bo die gemiddelde en daar is niks gevind waaroor u nodig het om bekommerd oor te wees nie.
Tant Miem: Ja! Uiterlik, maar lig net die Bonnet op!

Die een ou het baie lanklaas sy vriend gesien.
Hy't geskrik en gesê: "Heng ou maat, jy's nou so maer soos die strepieskode op 'n sigaretpak!"

Hoekom eet die kannibaal nie weervoorspellers nie?
Want hulle laat hom te winderig voel.

Wat is die manlike vorm van PMS?
Dis MMS (Moerige-man-sindroom).

Het jy gehoor van die baba wat in die hoogs tegnologiese kraamkamer gebore is?
Hy was koordloos!

Bure word wakker op 'n kamp: Een ou groet, môre buurman.... "hoe gaan dit vanmôre? Ander ou antwoord: "Dronk! Maar regop!"

GOLDEN BOX FULL OF KISSES:

The story goes that some time ago a man punished his 5-year -old daughter for wasting a roll of expensive gold wrapping paper. Money was tight and he became even more upset when the child used the gold paper to decorate a box to put under the Christmas tree.
Nevertheless, the little girl brought the gift box to her father the next morning and said: This is for you Daddy. The father was embarrassed by his earlier overreaction, but his anger flared again when he found the box was empty.
He spoke to her in a harsh manner. Don't you know young lady when you give someone a present there's supposed to be something inside the package?
The little girl looked up at him with tears in her eyes and said; Oh, Daddy, it's not empty, I blew kisses into in until it was full. The father was crushed. He fell on his knees and put his arms around his little girl and he begged her to forgive him for his unnecessary anger.
An accident took the life of the child only a short time later and it is told that the father kept that gold box by his bed for all the years of his life. And whenever he was discouraged or faced difficult problems he would open the box and take out an imaginary kiss and remember the love of the child who had put it there.
In a very real sense each of us as human beings have been given a golden box filled with unconditional love and kisses from our children, family, friends and God. There is no more precious possession anyone could hold.

LOVE IS PRECIOUS.